

1. INLEIDING

MIV & VIGS is 'n pandemie wat toenemend elke faset van die samelewing, insluitend skole, beïnvloed. Aangesien daar nog geen kuur vir die MI-virus ontwikkel is nie, behoort alle persone beskou te word as potensieel geïnfekteer met die virus.

Die volgende beleid ten opsigte van MIV & VIGS geld by Hoërskool Standerton.

2. BELEIDSDOELSTELLINGS

- 2.1 Om doelgerig die MIV & VIGS pandemie binne skoolverband te hanteer op grond van Bybelse norme en waardes.
- 2.2 Om die regte en verantwoordelikhede van onderwysers, leerlinge en die breë gemeenskap te omskryf, rakende belanghebbendes geïnfekteer en /of geïnfekteer deur MIV & VIGS.

Die beleid spreek die volgende aspekte aan:

- die regte en verantwoordelikhede van onderwysers en leerlinge met MIV & VIGS.
- die regte van nie-geïnfekteerde leerlinge en personeellede.
- die vertroulikheid en openbaarmaking van van MIV & VIGS verwante inligting.
- algemene voorsorgmaatreëls.
- die ontwikkeling en aanbieding van MIV & VIGS- en lewensvaardigheidsprogramme.
- die fisiese, akademiese en emosionele ondersteuning van leerlinge wat geïnfekteer en geïnfekteer is/word deur MIV & VIGS.

3. BEGRIPSOMSKRYWING

- MIV: Menslike Immuniteitsgebrekvirus. (HIV: Human immune deficiency virus)
- VIGS: Verworwe immuniteitsgebreksindroom. Dit is die finale fase van MIV infeksie.
- Vensterperiode: Vir 'n periode van ongeveer drie (3) maande na 'n potensiële infeksie, kom daar geen teenliggame vir die virus in die bloed voor nie, en kan infeksie nie bevestig of ontken word nie.

4. MANIERE WAAROP 'N PERSOON MET DIE VIGS-VIRUS BESMET KAN WORD

MIV & VIGS kan nie met normale daaglikse kontak oorgedra word van een persoon na 'n ander nie. Dit kan alleenlik oorgedra word deur fisiese kontak met:

- Bloed.
- Semen.
- Vaginale en uterale vloeistowwe.
- Moedersmelk.
- Speeksel.

5. OPVOEDKUNDIGE BEWUSWORDINGSPROGRAMME

- 5.1 Die implimentering en instandhouding van 'n opvoedkundige lewensvaardigheidsprogram wat gerig is op alle personelede en leerlinge van die skool.
- 5.2 Die implimentering van 'n ouderdomstoepaslike en voortgesette opvoedkundige program oor MIV & VIGS. Hierdie program vorm deel van die kurrikulum van elke leerling en sluit die volgende in:
- Die deurlopende beskikbaarstelling van akkurate en wetenskaplikgegronde feite oor MIV & VIGS.
 - Die oordra van inligting ten einde die oordrag van MIV & VIGS te bekamp of selfs te voorkom.
 - Die beklemtoning van die rol van die volgende faktore in die oordrag van MIV & VIGS:
 - seksuele aktiwiteit
 - seksuele promiskuiteit
 - dwelmgebruik
 - seksuele misbruik
 - geweld
 - Die aanmoediging vir die weerhouding van buite huwelikse seksuele omgang en onsedelike gedrag as die Bybelse antwoord op die bedreiging van MIV & VIGS.
 - Die opvoeding aan leerlinge ten opsigte van die hantering van en optrede teenoor geïnfekteerde persone, wat die bewusmaking ten opsigte van vooroordele en stereotipering rondom MIV & VIGS beklemtoon.
 - Die bevordering van 'n akkomoderende en nie-diskriminerende gesindheid teenoor MIV & VIGS-geïnfekteerde persone.
 - Die aanbied van basies eerste-/noodhulp beginsels, met spesiale klem op voorkoming van besmetting in die behandeling van pasiënte veral waar bloed ter sprake is.
- 5.3 Ouers, leerlinge en onderwysers sal op hoogte gehou word van die opvoedkundige programme rakende MIV & VIGS. Ouers behoort kennis te dra van die metode sowel as die waardebeginsels waarop die program gebaseer is.
- 5.4 Die vestiging van ondersteunende strukture of groepe na gelang van die behoefte.

6. ALGEMENE VOORSORGMAATREËLS

Die volgende minimumvereistes in terme van gesondheidsorg sal getref word:

- Alle oop wonde, bloeiende wonde en infeksies sal beskou word as potensieel MIV & VIGS-infekterend.
- Eerstehulpkissies sal te alle tye beskikbaar wees op die volgende plekke:
 - die houtwerksentrum
 - die hotelhoudingsentrum
 - die algemene administratiewe kantoor
 - die kafeteria
 - die personeelkamer
- Sodanige eerstehulpkissie sal ten minste die volgende voorraad bevat:
 - weggoibare plastiekhandskoene
 - waterbestande pleister
 - ontsmettingsmiddel
 - 'n kunsmatige asemhalingmondstuk
- Bloed, urine, braaksel en diaree sal opgeruim word met plasitese handskoene en ontsmettings-middel.

- Leerlinge sal nie toegelaat word om 'n besering of toestand waar bloeding plaasvind alleen te hanteer nie. In die geval van byt- en/of krapbeserings moet die wond liggies gedruk word om bloeding te bevorder. Die wond word vervolgens met warm water en 'n ontsmettingsmiddel skoongemaak en dan met 'n waterbestande pleister bedek. Verwysing na 'n mediese dokter is toepaslik aangesien die pasiënt 'n klem-in-die-kaak inspuiting moet kry.
- Geen kontak sport word toegelaat as 'n speler 'n oop wond het of bloei nie.
- Alle oop of bloeiende wonde sal te alle tye met plastiese handskoene hanteer word.

7. BEKENDMAKING VAN VIGSSTATUS

Alhoewel vrywillige bekendmaking van iemand se VIGS-status aangemoedig word sal geen leerling of personeellid onder 'n verpligting geplaas word om dit te doen nie. Daar sal 'n klimaat van vertroulikheid en van geen diskriminasie teenoor geïnfekteerde persone geskep en gehandhaaf word.

'n Persoon van ouderdom 14 jaar en ouer kan:

- sonder sy/haar ouer(s) toestemming gee dat 'n VIGS-toets afgelê word.
- toestemming gee dat sy/haar VIGS-status bekend gemaak kan word.

8. TOEGANG TOT ONDERWYS

Geen leerling sal toegang tot onderwys geweier word op grond van sy/haar VIGS-status of vermoedelike VIGS-status nie. Sou 'n geïnfekteerde leerling egter 'n bewese mediese gevaar of risiko inhou vir ander (bv. in geval van sekondêre infeksies) behoort gepaste toegangsregte uitgeoefen te word.

9. PERSONEEL

Daar sal op grond van die Grondwet van die RSA, nie gediskrimineer word teen enige personeellid op grond van sy/haar VIGS-status nie.

10. ONDERSTEUNINGSTELSEL

Daar sal, na gelang van bewese behoeftes, 'n fisieke, akademiese en emosionele ondersteuningstelsel op die been gebring word vir leerlinge en personeellede wat deur MIV & VIGS geïnfekteer en/of geïmpakkeer is/word.